

**31 Julie**

**Filippense 1:1-11, (Teks: 1:6)**

***Moed opgee? Nooit!***

Voel jy ook asof jy kan moed opgee oor jouself, jou moeilike kinders/man/vrou, oor die kerk?

Jy is 'n ware gelowige, maar weet: Ek en my gesin is nog so ver van heiligheid en 'n lewe van liefde. Moet ek nie maar moed opgee nie? En die Kerk? Dit bely God se waarheid en werklikheid en tog lyk hy baie soos ek: Vol gebreke en mislukkings en baie dood en sonder lewe en groei!

Kan ek nog moed hê vir die kerk, of moet ek maar eerlik wees en dit afskryf? Wat sê Paulus in so 'n situasie? Hy sit in die tronk (nie die plek vir 'n suksesvolle lidmaat wat bestem is om die Evangelie aan Israel, die heidene en konings te verkondig nie, Hand 9:15). Die kerk ondersteun hom ook nie wat wonders met liefde en gebed nie; die lidmate het na maande eers aan hom gedink (4:10). En tog: Hierdie brief is bekend as Paulus se vreugdebriëf. Waarom? Nie omdat hy sy hoop vestig op homself of op die goeie lidmate nie (al is hulle vir hom 'n bron van blydschap, verse 3-5), maar omdat hy "veral... oortuig" is van wie sy God is en wat hy sal doen: "hy (sal) die goeie werk (wat hy) in julle begin het, enduit voer en dit voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom". Daarom mag jy nie moed opgee oor jouself of die kerk nie. Jou God doen nie halwe werk nie. Hy word nie moedeloos nie. Hy het 'n doel met jou: Hy wil jou vir ewig vrygespreek hê van sonde en skuld - hy wil jou by Hom hê (verse 10,11). Moed opgee? Ja, natuurlik - as dit van jou en/of die kerk afhang. Maar dit hang van God af: Hy het hom nie misreken toe Hy jou geroep het, die kerk as sy bruid verkies het. Daarom: Moed opgee is nie 'n opsie nie. Bekering wel. Gebed wel. Vasbyt wel. Dankbaarheid wel. Want jy het 'n ongelooflike God!

Ds. F.M. Dreyer (Noordrand)